



ecsponuus

NUUSBRIEF | MAART | 2016

So groei jou geld



Euné Engelbrecht - Uitvoerende Hoof

Ecsponent het die afgelope paar jaar in Suid-Afrika en die res van Afrika bewys hoe hul vermoë om vooruit te beplan, kliënte se beleggings deurlopend laat groei het.

Die groep se sterk toekomsgerigte benadering stel dit in staat om geleenthede betyds raak te sien wat 'n voorsprong in die sterk mededingende finansiële dienstebedryf verseker.

Een van Ecsponent se strategieë is om belange te verkry in hoë tegnologie ondernemings met 'n sterk intellektuele inhoud wat nie maklik deur ander gedupliseer kan word nie.

Salveo Swiss Biotechnology en Cryo-Save is ondernemings waar in naelstringbloed- en stamselbanke gespesialiseer word. Dit behels regeneratiewe geneeskunde waar stamselle onder meer gebruik word om selle, weefsels of selfs organe te herstel. Die proses kan selfs liggaamsfunksies ná 'n ongeluk of siekte herwin.

Euné Engelbrecht, uitvoerende hoof van Ecsponent Beperk, meen slim beleggingsgeld vloei na maatskappye wat geleenthede in die mark raaksien wat ander geneig is om te ignoreer.

"Die voordeel van gesondheidsverwante beleggings is dat dit makliker ekonomiese krisisse kan weerstaan. Dit sien ons veral in biotegnologie wat 'n kritieke rol in die mens se vooruitgang in die volgende honderd jaar gaan speel," sê hy.

Die groot vraag na die dienste van biotegnologie- en

gesondheidsmaatskappye maak hulle aantreklik vir beleggers wat aandele koop om dit oor die langtermyn te hou.

Kyk maar net na 'n onlangse Money Tree Verslag van PricewaterhouseCoopers. Daarvolgens het maatskappye in biotegnologie beleggings ter waarde van \$2,3 miljard in die tweede kwartaal van 2015 gelok. Dit is 32% meer as in die eerste kwartaal en is trouens die grootste kwartaalike belegging in biotegnologie in die VSA sedert die eerste Money Tree Verslag in 1995 uitgekome het.

Stamselterapie het wêreldwyd snel gevorder en vandag is Afrika die enigste vasteland wat nie 'n stamselbank het wat deur die staat bedryf word nie. Daar is 'n ernstige internasionale leemte aan geneties-versoembare monsters wat eie aan die Suid-Afrikaanse omgewing is. Dit dui daarop dat beleggings in biotegnologie in Afrika winsgewend sal wees.

Ecsponent handhaaf deurlopende groei met sy onderskeie beleggings. Dit kan gesien word in die groep se jongste kennisgewing aan aandeelhouders oor hul resultaatverwagtinge vir die jaar tot 31 Desember 2015, vergeleke met die 2014 finansiële jaar se syfers:

- Verdienste per aandeel (aanduiding van die maatskappy se winsgewendheid) sal na verwagting in die nuwe boekjaar met 'n minimum van 100% styg; en
- Wesensverdienste per aandeel (vaste bates word van die wins afgetrek wat volgehoue verdienste beter weergee) sal na verwagting met minstens 40% styg.

Lees verder oor Ecsponent se groeistrategie op www.ecsponent.com

Swak groei demp begroting

Met Suid-Afrika op 'n ekonomiese laagtepunt was die begrotingsrede vanjaar kritiek, seker die moeilikste en ook belangrikste sedert die ANC 22 jaar gelede aan bewind gekom het.

Die vraag is of Pravin Gordhan, ons Minister van Finansies, die vertroue van die finansiële markte gewen het? Kan daar dalk 'n terugkeer wees na die vorige siening dat ons land rotsvaste fiskale en monetêre beheer het?

Die vooruitskatting van die groeiakoers is afwaarts aangepas van 1,7% na 0,9%. Dis onvoldoende om die belastingbasis te vergroot en dis juis die gebrek aan groei wat ons grootste probleem is.

Regering besnoei uitgawes

Die staat se uitgawes word oor die volgende drie jaar met R25 miljard besnoei, wat 'n sterk positiewe boodskap uitstuur. Staatsbeheerde instellings soos die SAL en Eskom sal nie meer finansiële gered word nie en goeie bestuur en doeltreffendheid is voortaan 'n vereiste.

Verkwisting vasgevat

In 2014/15 is daar bykans R26 miljard deur staatsinstellings vermors. Gordhan gaan dit nie duld nie. Hy gaan binne 'n maand of twee in samewerking met die Ouditeur-generaal strukture skep om dit hok te slaan. Vertroue sal egter slegs ingeboesem word as daar opgetree word teen wanbesteding en mense tot verantwoording geroep word.

BTW is nie verhoog nie

Die BTW is nie verhoog nie te wyte aan komende politieke verkiesings en swak ekonomiese vooruitsigte. 'n Verhoging van 1% in BTW sou egter R15 miljard aan die fiskus verskaf. Dit sou die rand dadelik stabiliseer en die agentskappe in kredietgradering sodanig tevrede stel dat hulle ons nie afgradeer nie.

Is rommelstatus afgeweer?

Maatreëls om ekonomiese groei en werkskepping te bevorder was moontlik nie voldoende nie. Die agentskappe in kredietgradering se maatstaf is grootliks finansiële dissipline en bewese groei. Groei van slegs 0,9% in die nuwe boekjaar (dit kan selfs so laag as 0,5% wees met kwartale van negatiewe groei) is onvoldoende en die regering kan reeds vanjaar met

rommelstatus tot verantwoording geroep word.

Wat beteken rommelstatus?

Rommelstatus hou wye negatiewe implikasies in en kan die aandelemark van 'n land ernstig knou as die land te lank in 'n staat van rommel verkeer. 'n Afgradering verhoog 'n land se risiko van wanbetaling wat beteken kredietverskaffers vra hoër rentekoerse wat internasionale lenings duurder maak. 'n Krediet-afgradering kan ons land miljarde kos aan ekstra rente op staatskuld – kosbare fondse wat baie nuttiger aangewend kan word.



Betaal ons minder belasting?

Die eerste indruk was "ja", omdat persoonlike inkomstebelasting nie verhoog is nie. Maar salarisse wat vir inflasie aangepas word, skuif mense op na hoër belastingskale. Dit beteken baie gaan weens die "blokkruiping" meer belasting betaal.

Impak van begroting op ons beleggers

- Klasse A en C: Die sekuriteite-oordragbelasting (0,25%) en dividendweerhoudingsbelasting (15%) is nie verhoog nie. Dit beteken die begroting het geen verandering op Ecsponent se maandelikse inkomstebeleggings nie.
- Klas B: Die kapitaalwinstbelasting vir individue is verhoog van 33,3% tot 40%. Dit beteken beleggers in byvoorbeeld effektetrusts asook Klas B van Ecsponent sal hoër belas word as hul beleggings verkoop/afgelos word. In Klas B sal 'n R100 000 ná vyf jaar R170 000 wees. Die uitsluitingsbedrag vir individue is R30 000, wat afgetrek word.

Die R40 000 word dan vermenigvuldig met die insluitingskoers van 33,3% asook met die belegger se belastingkoers. As 'n belastingkoers van 41% geneem word, sou so 'n belegger in die 2015/2016 jaar R5 461 moes betaal. Van 1 Maart 2016, is die uitsluitingsbedrag vir individue R40 000 en die koers 40%, wat beteken die kapitaalwinstbelasting beloop R4 920. Of dus 'n besparing van R541.

Die groot vraag is of die Regering die hervormings gaan implementeer? Ongelukkig het 'n patroon oor jare ontwikkel waar die minister van finansies herhaaldelik weerspreek word deur die regering wat beleid sou ontwikkel en instel. Hopelik sal fiskale dissipline voortaan geld. 